

# KONSTITUSIE

## Die Mikroskopievereniging van Suidelike Afrika

1. **NAAM:** Die naam van die Vereniging is die MIKROSKOPIEVERENIGING VAN SUIDELIKE AFRIKA.
2. **ADRES:** Die adres van die Vereniging is die van die gekose Tesourier van die Vereniging.
3. **DOELSTELLINGS:**
  - 3.1 Om mikroskopie en verwante onderwerpe in alle takke van die wetenskap te bevorder
  - 3.2 Om byeenkomste van mikroskopiste (en van werkers in verwante dissiplines) in Suidelike Afrika reël.
  - 3.3 Om as skakel tussen lede van die Vereniging en die IFSEM of ander liggame te dien.
4. **LIDMAATSKAP:**
  - 4.1 **Klasse van lidmaatskap**

Daar is drie klasse van lidmaatskap, naamlik:

    - 4.1.1 **Gewone lidmaatskap** wat oop is vir alle persone wat belang stel in mikroskopie en verwante onderwerpe.
    - 4.1.2 **Institusionele lidmaatskap** wat oop is vir wetenskaplike inrigtings, handelsfirmas of ander korporatiewe liggame wat belang by mikroskopie het. Elke institusionele lid benoem 'n maksimum van vier verteenwoordigers.
    - 4.1.3 **Lewenslidmaatskap** wat op aanvraag oop sal wees vir lede van die Vereniging bo die ouderdom van 55 jaar.
    - 4.1.4 **Erelidmaatskap** wat aan persone toegeken word wat hulle in die Wetenskap onderskei het of wat uitmuntende diens aan die Vereniging gelewer het. Sulke persone hoef nie lede van die Vereniging te wees nie.
  - 4.2 **Aanname en Uitsetting van lede**
    - 4.2.1 **Gewone lede en Lewenslede.** Enige persone wat behoorlik aansoek doen by die Sekretaris word as lede aangeneem en bly lede totdat hulle die Sekretaris skriftelik in kennis stel van hulle voorneme om te bedank. Daar sal gereken word dat lede wat meer as een jaar agterstallig is met die betaling van ledegeld, bedank het. Lede wie se gedrag die Vereniging in 'n slegte lig kan plaas, mag uit die Vereniging gesit word deur 'n tweederde meerderheidstemming van die lede wat teenwoordig is op 'n behoorlik gekonstitueerde Algemene Vergadering van die Vereniging. Aan sodanige persone word geleentheid gegee om hulself op so 'n vergadering persoonlik of skriftelik te verdedig, en vir hierdie doel word hulle deur die Sekretaris in kennis gestel dat 'n mosie van uitsetting op die agenda van die vergadering geplaas sal word.
    - 4.2.2 **Institusionele lede.** Die reëls vir gewone lede geld ook mutatis mutandis vir Institusionele lede.
    - 4.2.3 **Erelede.** Enige lid kan by die Komitee nominasies indien vir Erelidmaatskap vir enigiemand wat volgens die lid buitengewone dienste aan die Vereniging of aan die Wetenskap gelewer het. Sodanige nominasie moet ondersteun word deur 'n skriftelike uiteensetting van die genomineerde se aanspraak. Die komitee sal die uiteensetting ondersoek en indien die aanspraak daarin geregverdig is, lê hulle die nominasie aan 'n Algemene Vergadering van die Vereniging voor waar gestem moet word of die genomineerde tot Erelid verkies word of nie. Van Erelede word nie verwag om ledegelde te betaal nie, maar hulle mag bedank of uit die Vereniging gesit word op dieselfde wyse as gewone lede.
5. **LEDEGELDE:**
  - 5.1 Lede (gewone en institusionele) sal sodanige ledegelde betaal soos wat van tyd tot tyd tydens die Algemene Jaarvergadering bepaal word deur 'n tweederde meerderheid.
  - 5.2 Geregistreerde studente sonder 'n voltydse betrekking betaal slegs die helfte van die gelde van 'n gewone lid.
  - 5.3 Lede wat meer as drie maande agterstallig is met die betaling van hulle ledegelde, sal beskou word as lede wat nie hulle verpligtinge nagekom het nie.
6. **ORGANISASIE:**
  - 6.1 **Komitee**

Die sake van die Vereniging sal bestuur word deur 'n Komitee van sewe lede, bestaande uit die President, 'n Sekretaris, 'n Tesourier (of 'n Sekretaris/Tesourier) en vier (of vyf) addisionele lede. Die Komitee sal uit sy eie lede 'n Vise-President kies.

- 6.1.1 Verkiesing van die Komitee. Voor die verkiesing nomineer die uittrede komitee twee van sy lede om op die nuwe komitee te dien. Die President, Sekretaris/Tesourier en genoeg addisionele lede om 'n komitee van sewe lede te vorm word deur meerderheidstem verkies tydens die gekonstitueerde Algemene Jaarvergadering. Die genomineerde lede mag tot enige amp verkies word.
- 6.1.2 Nominasies vir President, Sekretaris, Tesourier (of Sekretaris/Tesourier) en komitee lede, met insluiting van die name van die voorsteller en die sekondant, mag skriftelik by die Sekretaris ingedien word ten minste sewe dae voor die Algemene Jaarvergadering, in die geval waar genomineerdes nie teenwoordig kan wees nie. 'n Aanvaarding van nominasie, behoorlik deur die genomineerde onderteken, moet die nominasie vergesel. Genomineerde, voorsteller en sekondant moet hulle verpligtinge aan die Vereniging nagekom het.
- 6.2 **Bevoegdheid om te koöpteer.**  
Die Komitee is bevoeg om enige getal lede van die Vereniging as komitee lede te koöpteer indien daar rede daartoe bestaan. Gekoöpteerde lede bly lid van die Komitee tot die volgende Algemene Jaarvergadering.
- 6.3 **Kworum.**  
Vier lede van die Komitee vorm 'n kworum tydens komiteevergaderings.
- 6.4 **Komiteevergaderings.**  
Komiteevergaderings word gehou wanneer nodig, onderworpe aan die diskresie van die Voorsitter.

## 7. VERGADERINGS:

- 7.1 **Algemene Jaarvergadering**  
Die Vereniging se jaar eindig op 31 Desember en 'n Algemene Jaarvergadering word in voor hierdie datum gehou. Minstens twee weke skriftelike kennis van so 'n vergadering word aan alle lede gegee, tesame met die agenda van die vergadering. Kennis van vergaderings mag in engeen van die ampstale gegee word. Die Algemene Jaarvergadering word gehou in die taal wat die President verkies. Notule van Algemene Jaarvergaderings word in engeen van die ampstale gehou. Die agenda sal insluit:
- 7.1.1 Aanbieding van die President se jaarverslag oor die aktiwiteite van die Vereniging.
- 7.1.2 Voorlegging van behoorlik geouditeerde finansiële state oor die finansies van die Vereniging.
- 7.1.3 Verkiesing van 'n nuwe komitee.
- 7.1.4 Sodanige ander algemene sake as wat betyds deur lede aan die Sekretaris voorgelê is om op die agenda ingesluit te kon word.
- 7.2 **Spesiale Algemene Vergadering**  
Wanneer die Komitee of vier lede van die Vereniging dit versoek, belê die Sekretaris 'n Spesiale Algemene Vergadering. Lede word minstens sewe dae voor die aanvang van sodanige vergadering skriftelik in kennis gestel van die sake wat behandel sal word. Geen ander sake word op so 'n vergadering behandel nie.
- 7.3 **Kworum**  
Tien lede van die Vereniging vorm 'n kworum tydens 'n Algemene Vergadering. As daar nie 'n kworum aanwesig is nie, staan die saak oor tot die volgende Gewone of Spesiale Algemene Vergadering van die Vereniging waartydens die aanwesige lede 'n kworum vorm.
- 7.4 **Gewone vergaderings**  
Gewone Vergaderings word deur die Sekretaris belê op versoek van die komitee, vir die voordra van referate of plakkate of vir enige doel ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging. Gewone Vergaderings word geag om konferensies, simposiums en dergelyke byeenkomste in te sluit.
- 7.5 **Stemming tydens Vergaderings**  
Lede wat hulle verpligtinge teenoor die Vereniging nagekom het is geregtig om tydens vergaderings te stem. Sulke lede mag skriftelike, getekende volmag aan ander lede gee om vir hulle te stem. Sodanige volmag moet die Sekretaris bereik voor die aanvang van die vergadering.

## 8. FINANSIES

- 8.1 **Rekenings.** Die Komitee word gemagtig om na goeë dunke bank-, spaar- of depositorekenings te open waarin die gelde van die Vereniging gedeponeer moet word. Die President, die Sekretaris en die Tesourier (of die Sekretaris/Tesourier), asook enige ander Komiteelid of gekoöpteerde Komiteelid wat deur die Komitee daartoe gemagtig word, sal tekenregte op hierdie rekenings hê.
- 8.2 **Bates**  
Die bates van die Vereniging setel in die Vereniging, onafhanklik van sy lede, en geen lid het enige reg van aanspraak daarop nie, behalwe ter betaling vir gelewerde dienste of ter terugbetaling van uitgawes wat namens die Vereniging aangegaan is en wat deur die Komitee gemagtig is.
- 8.3 **Laste**  
Indien die Vereniging nie in staat is om sy finansiële verpligtinge na te kom nie, sal dit ontbind word. 'n Bedrag sal van alle lede gehef word

om die Vereniging se skulde te betaal, met dien verstande dat lede in so 'n geval vir nie meer as die ekwivalent van een jaar se ledegeld aanspreeklik sal wees nie.

## **9. ONTBINDING**

Indien die Vereniging om een of ander rede nie sy funksies, soos in sy doelstellings geformuleer, kan uitvoer nie, ontbind die laaste behoorlik verkose komiteelede die Vereniging. Enige fondse of bates wat na die ontbinding oorbly word, na goeddunke van die ontbindingskomitee, aan 'n onderwys- of wetenskaplike liggaam geskenk.

## **10. WYSIGINGS**

Hierdie konstitusie kan slegs verander, herroep of daartoe bygevoeg word deur 'n tweederde meerderheid van die teenwoordige lede wat hul stem uitbring (of wat deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word), tydens 'n behoorlik gekonstitueerde Algemene Vergadering van die Vereniging.

Oorspronklike Konstitusie slegs in Engels - 25 Oktober 1963

Vertaling na Afrikaans 21 November 1969

Op datum gebring 15 November 1982

Hersien 1990 (kyk notule AJV 1990 mvn "Erelede")

Hersien 1993 (kyk notule AJV 1992 mvn 6.1.2)

Hersien 1994 (notule AJV 1994 mvn adres, klousule 2)

Hersien 1995 (notule AJV 1995, naamsverandering, klousule 1)

Hersien 1997 (notule AJV 1997;jaareinde, klousule 7.1)

Hersien 1999 (notule AJV 1999; taal, klousule 7.1)

Hersien 2000 (notule AJV 2000; Klasse van Lidmaatskap, klousule 4.1)